higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## KUNSGESKIEDENIS N6

**8 September 2020**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Geen enkele handboek kan as riglyn gebruik word nie.

2. Verskilende boeke word gebruik en 'n feitelike nasienriglyn kan nie soos vir ander vakke opgestel word nie. Oorweeg en evalueer studente se eie interpretasies en argumente. Nasieners moet daarom nie net die nasienriglyn byderhand hê wanneer hulle die vraestel nasien nie, maar kunsgeskiedenishandboeke (moderne kuns) en ander verwysingsbronne moet ook gebruik word.

3. Gebruik jou vakkennis en wees ontvanklike vir wat die student geskryf het.

4. Studente moes al die vrae in AFDELING A en DRIE vrae in AFDELING B beantwoord.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 1.1.1 Krom en diagonale lyne word gebruik om ritme en beweging te skep. Lyn word gebruik om die kyker se oog na die bleek wit vrou op die voorgrond te lok. Daar is dramatiese gebruik van lyn in verskillende rigtings.

1.1.2 Die bleek, wit vrou in die middel van die voorgrond met die dooie baba op haar skoot. Lyn wat deur die omringende figure se arms geskep word lok die oog daarheen. Haar velkleur staan teen die agtergrond uit. Sommige studente mag na die rooi mantel en die man met die swaard verwys. Laat verskillende argumente toe wat goed gestaaf word. Die antwoord hang af van die gehalte van die kleur in die eksamenvraestel.

1.1.3 Donker tone op die agtergrond en hoë kontras in die voorgrond. Meer detail voor en minder in die agtergrond. Figure oorvleuel.
(3 × 3) (9)

1.2 Die verhaal van die vier ruiters uit die boek, Die Openbaring van Johannes, in die Bybel. Laat eie interpretasie toe. (1)
**[10]**

### VRAAG 2

2.1 2.1.1 Herhaling van lyn wat deur figure geskep is en herhaling van kleur, bv. blou, geel en rooi (2)

2.1.2 Ekspressiewe, geanimeerde, naturalistiese/figuurlike styl; feiltik kinderlik met kleur – akriel op doek as medium; los kwashale met vereenvoudigde kleurvlakke; min detail (3)

2.1.3 Busdak en dakrak – lyn lok die oog in die prent in om die illusie van diepte te skep (2)

2.2 Die meeste van die aksie vind op die voorgrond plaas. Die kunswerk is besig met min agtergrond. Figure word tot op die rand gebruik om die ruimte te vul en die werk te raam. Daar is 'n stil area links bo in die lug. (2)

2.3 Eie kreatiewe titel (1)
**[10]**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1

| ILLUSTRASIE C | ILLUSTRASIE D |
|---|---|
| Ekspressief | Realisties |
| Nienaturalisties/Lukrake kleur | Naturalisties |
| Verwronge vorms en proporsies van figure | Meer realistiese figure met effense verwringing in die arms van die figuur aan die kruis om pyn uit te beeld |

(Enige 2 × 2) (4)

3.1.2

| ILLUSTRASIE C | ILLUSTRASIE D |
|---|---|
| Kontrasterende/botsende gebruik van kleur en nagmerrie-agtige gesigte en uitdrukking dra by tot die ekspressiewe kwaliteit. | Rooi mantels kontransteer met die dramatiese agtergrond. Verlengde/Verwronge arms en maer/siek voorkoms van die figuur aan die kruis – uitgestrekte vingers – dra tot die ekspressiewe kwaliteit by. Spanning in die horisontale balk van die kruis. |

(Enige 2 × 2) (4)

3.1.3

| ILLUSTRASIE C | ILLUSTRASIE D |
|---|---|
| Warmer geel, wit en oranje kleure op die voorgrond en donkerrooi en -blou op die agtergrond. | Atmosferiese perspektief met donker tone op die agtergrond en meer kontras en detail op die voorgrond. Figure oorvleuel. |

(2)

3.2 Eie antwoord. (2)

**[12]**

**VRAAG 4**

4.1 Positiewe ruimte – bene en liggaam van die figuur. Negatiewe ruimte – ruimte tussen die arms en onder die bene. Kan die agtergrond daardeur sien. Negatiewe ruimte maak deel van die beeldhouwerk uit. Voetstuk wat deur die soliede blok gevorm word gee stabiliteit aan die figuur.
(Enige toepaslike antwoord) (3)

4.2 Kunstenaar maak die beeldhouwerk van was – maak 'n vorm – giet dan die gesmelte brons in die vorm in. Verwyder die vorm en verwerk die brons met die hand totdat dit glad is. (Enige toepaslike antwoord) (3)

4.3 Eie mening. Die persoon het 'n belegging gemaak aangesien die kunstenaar wêreldwyd beroemd is en erken word. Die waarde van die kunswerk sal met verloop van tyd toeneem. (Enige toepaslike antwoord) (2)

**[8]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 5**

Kunswerke: *Impression, sunrise*; *Rouen Cathedral*; *Saint-Lazare train station*; of enige ander kunswerk. Studente moet verwys na die invloed van die uitvindsel van nuwe pigmente van kleur en lig. Agtergrondinligting en 'n kort bespreking oor die rol van die salon. Skilder buitemuurs, vang beweging vas – kort, rukkerige kwashale. Punte vir eienskappe van die Impressionisme. Invloed op toekomstige bewegings soos die Postimpressionisme en die Fauvisme. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**VRAAG 6**

Gauagin word erken vir vereenvoudigde en simboliese gebruik van vorm en kleur met 'n sterk religieuse en filosofiese invloed in sy werk. Geselekteerde kunswerke kan die volgende insluit: *Where do we come from?, What are we?, Where are we going?, Jacob wrestling with the angel, Yellow Christ*, of enige ander toepaslike werk. Invloed op kleur van die Fauvisme.

**EN/OF**

Van Gogh: Kunswerke deur Van Gogh wat *Night café* of *Starry Night* insluit. Sterk gebruik van kleur direk uit die buis en sterk kwashale. Emosionele kwaliteite van die werk het die Ekspressionisme beïnvloed.

**OF**

Cézanne: *Mont Sainte-Victoire* of enige ander toepaslike kunswerk. Verwys, onder andere, na sy analitiese styl; motif; eienskappe van lyne, vlak en kleur en onderlinge verwantskappe; afbreek van die natuur tot sy eenvoudigste vorm – kubus, silinder, sfeer en keël, en gelyke belang van die voor- en agtergrond. Invloed op die Kubisme. **[20]**

**VRAAG 7**

Kort bespreking oor agtergrond, definisie en oorsprong van die term 'Fauvisme'. (5 punte). Die studente moet die eienskappe van die Fauvisme bespreek deur te verwys na kunswerke soos *Madame Matisse, Red room, Woman with the hat*, of enige ander werk. Verwys na die vereenvoudiging van vorm en die lukrake, vlak gebruik van kleur om ruimte te skep, en die dik buitelyne. Studente moet die eienskappe van die beweging deur ontleding van die kunswerke bespreek. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**VRAAG 8**

Studente moet verteenwoordigende kunstenaars van Die Brücke kies, bv. Kirchner/Nolde/Heckel of Schmidt-Rottluff. Verwys na die kunstenaars se verwringing van vorm vir emosionele effek en die invloed van hul ervarings van die stadslewe. Elke kunstenaar se keuse van inhoud en tegniek, bv. botsende tone, ekspressiewe gebruik van kleur en hoek, feitlik aggressiewe kwashale, moet bespreek word.

(Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**VRAAG 9**

Cézanne-fase/die Vroeë Kubisme/Protokubisme: Skilderye wat in hierdie tydperk gemaak is toon die afbreking, of ontleding, van vorm. Reghoekige en reguitlynkonstruksies is baie gebruik, hoewel sommige dele van die skilderye amper beeldhou-agtige voorkom, soos in Picasso se *Girl with a mandolin* (1910). (7 punte)

Analitiese Kubisme: Kleurskemas is vereenvoudig en is geneig om monochromaties (by voorkeur skakerings van ligbruin, bruin, grys, room, groen of blou) te wees om nie die kyker se aandag van die kunstenaar se primêre doel – die struktuur van die vorm self, af te trek nie. Die monochromatiese kleurskema was geskik vir die aanbieding van komplekse, meervoudige aansigte van die voorwerp, wat tot die oorvleueling van ondeursigtig en deurskynend vlakke gereduseer is. Hierdie vlakke lyk asof dit uit die oppervlak van die doek opstyg eerder as wat dit in die diepte terugwyk. Vorms is oor die algemeen kompak en dig in die middel van die skildery en word groter namate dit na die kante van die doek versprei, soos in Picasso se *Portrait of Ambroise Vollard*. (7 punte)

Sintetiese Kubisme: Implementering van kollagetegnieke en die plak van voorwerpe, koerante of materiaal op die doek, bv. *Still life with chair caning.* (6 punte)

(Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 140**

## AFDELING B

### VRAAG 10

10.1 Kies Boccioni, Balla of Severini. Die studente moet agtergrondinligting, die futuristiese manifes of motivering verskaf vir die nuwe manier om kuns te maak. Verwys na historiese, geografiese, religieuse, ekonomiese, ens. invloede. (4)

10.2 Verwys na en toon 'n duidelike begrip van die verheerliking van oorlog en spoed. Studente moet na spesifieke voorbeelde en verskillende materiale en tegnieke verwys. (4)

10.3 Student moet na toepaslike eienskappe ten opsigte van die spesifieke kunswerke verwys. (12)
**[20]**

### VRAAG 11

Malevich, bv. *Suprematist composition: airplane flying 1915*. Verwys na meer as een werk. Studente mag die agtergrond en invloede op hierdie beweging of kunstenaar bespreek. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

### VRAAG 12

Studente moet twee of meer van Mondrian se kunswerke bespreek om hul ontleding van die eienskappe van De Stijl te ondersteun. Studente moet die agtergrond en oorsprong van De Stijl met verwysing na die invloed van die Kubisme bespreek. Hulle moet na die volgende eienskappe verwys: skepping van stabiliteit en orde ná die chaos wat deur die Eerste Wêreldoorlog veroorsaak is. Naam van groep of kunstenaars/argitekte/ontwerpers/Nederlandse tydskrif. Basiese visuele elemente: gebruik van swart, slegs handgeverfde horisontale en vertikale lyne – rooi, blou en geel; vereenvoudiging van vorm tot fatsoene – vierkantig en reghoekig; goed gebalanseerde komposisies, wiskundige benadering tot skilderwerk; ens.
(Enige toepaslike antwoord) **[20]**

### VRAAG 13

Duchamp se kunswerke kan die volgende insluit: voorafvervaardigde stukke – *Fountain*; gewysigde voorafvervaardigde stukke – *LHOOQ*; seksmasjiene/meganiese kunswerke – *Large glass*; bewers/mobiele ('mobiles'); werke wat deur wysiging geproduseer is, soos *Bottle rack, Nude descending the staircase* of enige ander toepaslike werk.

**OF**

Jean Arp: *Collage arranged according to the laws of chance*. In die bespreking van die kunswerke moet studente die verskillende unieke eienskappe van DADA bespreek.
(Enige toepaslike antwoord) **[20]**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

**VRAAG 14**

Dalí se kunswerke: *The persistence of memory; Burning giraffe; The elephants; Swans reflecting elephants*

**EN/OF**

Magritte: *Treachery of images; Son of man; The human condition.*

**OF**

Max Ernst: *The elephant Celebes* of enige ander relevante werk.

Studente moet die eienskappe van die Surrealisme in die bespreking van hul werk uitlig. Hulle moet hoofsaaklik die twee rigtings van die beweging bespreek: die Naturalistiese Surrealisme – herkende tonele wat in drome en nagmerrie-agtige beelde vervorm word; en die Biomorfiese Surrealisme of die Outomatisme – die skepping van kuns sonder bewuste beheer. Noem meer invloede of brei uit oor die invloed van Freud op die onderbewuste. Verwys na verskeie tegnieke wat as deel van die eienskappe aangewend word, bv. outomatisme, verandering, outomatiese tekening, ens.

(Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**VRAAG 15**

Kies EEN kunstenaar met TWEE werke, bv. Jackson Pollock – beïnvloed deur Miró, Picasso en die surrealiste. Verwys na die skeppingsproses, bv. rol doek op die vloer oop, drup verf en loop op die kunswerk, meng verf met sand (invloed van Amerikaanse inboorlinge), keuse en afsny van die beste deel, grootte van die kunswerk, ens., bv. *Lavender mist*, *She-wolf*.

**OF**

Kies 'n ander kunstenaar uit Willem De Kooning se *Action Painting*. Beïnvloed deur die Kubisme en Japanse inkskilderye. De Kooning, verwys na die swierige kwashale, energieke aanwending, wegskraap, rouheid en intensiteit, kragdadige interaksie met die doek, Bv. *Woman series*.

**OF**

Vir kleurveldskilderwerk ('colour-field painting') moet studente verwys na die werke deur Rothko (deur mitologie en filosofie beïnvloed) met toepaslike voorbeelde van kunswerke, bv. *Nr 14* of verwys na Barnett Newman of Helen Frankenthaler.

(Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**VRAAG 16**

Close: *The big self-portrait; The event; Alex II*; of enige ander werk. Teelepel verf, fotografiese presisietegniek – gebruik van polaroid – gebruik van ruitstelsel om ry vir ry op te bou, ens.
Duane Hanson: *Supermarket shopper, Young shopper*. Werk met foto's en 'n vorm wat met poliësterhars gevul word – hars verhard – verf met akriel en olieverf. Versier met pruike en klere. Beeld Amerikaanse stereotipes uit. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**VRAAG 17**

Voorbeelde van Amerikaanse popkunstenaars sluit Warhol, Rauschenberg, Johns, Rosenquist, Oldenburg en Lichtenstein in. Aangesien elke kunstenaar se tegniek en inhoud so uniek is, moet die studente elke werk sorgvuldig kies en bespreek. Studente mag na meer as een kunswerk deur die gekose kunstenaar verwys.

(Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**VRAAG 18**

Joseph Beuys, bv. *How to explain pictures to a dead hare*; *Homogenous infiltration for grand piano*; *The pack* of enige ander werk. Studente mag in die bespreking van die belang van die dokumentering van die kunswerk, die algemene doestellings van die beweging bespreek en mag kies uit grondkuns ('land art'), vertoonkuns, nuwe media en rekenaargrafika.

(Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou